Some of them are ready to make an improvement over the home in which they grew up—all we hope. But if they are married too young they are soon worn out

and discouraged with the hard work and the frequent childbearing, and so perhaps they forget many things they have learned at school. But above all we hope that they will take out into the communities into which they go the spirit of Christian helpfulness and spirit of service to others.

And so we bid them good-night.

Cape Conference

W. H. Hurlow President
Miss P. E. Willmore Secy.-Treas.
Box 508, Port Elizabeth, C. P.

Home Missionary Conventions in the Cape Conference

A. C. LE BUTT

FOUR full weeks have been profitably spent in conducting Home Missionary Conventions in the Cape Town, Claremont, Port Elizabeth, East London, Bloemfontein and Kimberley churches; a week-end being spent at each church.

It was encouraging to notice the wonderful spirit of co-operation in every one of the churches visited during this campaign. The spirit of earnestness and enthusiasm manifested must radiate from the churches to those who live in the neighbourhood and cannot be confined to the four walls of any one church. Many of the members at each church personally mentioned the great help that had been received, and that they now had a better understanding of their responsibilities towards those not of our faith.

A leader was appointed for each of the bands organised in the various churches. We believe that under God's blessing the work will go forward in a more systematic way in the churches, and bring good results.

Between conventions we had the pleasure of holding services at the George, Grahamstown, Rokeby Park and Kingwilliamstown churches. We were glad to find that all our brethren and sisters were of good courage.

The Cape Conference Home Missionary Department wishes to thank Brother Potter, our Division Home Missionary Secretary, and Brother Clifford, the Union Home Missionary Secretary, for the valuable help they gave to the churches; and also the church officers for their willing co-operation and church members for their enthusiasm.

May God bless you all and give you the spirit of Christ, which is the spirit of service, that we may hear the "well done" when the Master Missionary comes to receive His own.



"MEEKNESS and lowliness are the conditions of success and victory."

'n Oproep tot Heiligheid

MEV. E. G. WHITE

[Hierdie artikel is ons ernstige aandag en ondersoek wêrd. Die genade tyd gaan vinnig verby. Eerlank sal die volgende bevel gehoor word: „Wie vuil is, laat hom nog vuiler word; . . . en laat die heilige nog heiliger word.” As ons onder die regverdiges wil gereken word wanneer Jesus kom, moet ons agslaan op hierdie boodskap. Dit het 'n diepe indruk op my gemaak, en ek vertrou dat dit met u ook die geval sal wees.—J. F. Wright.]

Die aandag van Gods volk moet gevestig word op die groot gebeurtenis wat voor die deur is. Hulle moet gedurig gewys word op die tekens van die tye. Hoewel 'n groot menigte wat voorgee om die waarheid te glo, hul geloof sal verloën deur hul werke, sal daar nogtans diegene wees wat sal volhard tot die einde toe.

In ons dae heers dieselfde gees van selfsugtigheid en wêreldgesindheid as in die dae van Noag. Baie wat voorgee om kinders van God te wees, is so in beslag geneem deur wêreldse dinge, dat hul belydenis daardeur geloënstraf word.

My hart voel beswaar as ek die gebrek aan geestelike onder ons sien. Die modes en gewoontes van die wêreld, hoogmoed, liefde vir plesier, liefde vir mooi klere, en die geld wat daaraan bestee word—hierdie dinge beroof die skatkis van God, en die middele wat moet gebruik word om die lig en waarheid in die wêreld te versprei, word aan self bestee.

Daar gaan siele verlore as gevolg van gebrek aan kennis. Diegene wat die lig van die waarheid ontvang het, maar wat geen lus het om hul medemens te waarsku aan gaande die aanstaande oordeel nie, sal reenskap aan God moet gee vir hul nalatigheid. Die bloed van daardie siele sal op hulle wees.

As 'n volk maak ons geen geestelike vordering namate ons die einde nader nie. Ons besef nie die omvang en belangrikheid van die werk wat voor ons is nie. Daar is groot gebrek aan manne en vroue wat voorberei is om die werk vir hierdie tyd te doen.

Ons doen nie een-tiende deel van die werk wat God van ons verwag nie. Daar is vele wat voel dat hulle geen tyd het om te waak oor siele soos diegene wat sal moet reenskap gee nie. En watter verskoning sal hulle aanbied vir hul nalatigheid in verband met hierdie belangrike werk wat hulle moes gedoen het?

Die tyd gaan spoedig verby, en ons staan op die randjie van die ewigheid. Die groot oes moet ingesamel word. Wat doen ons ter voorbereiding van hierdie werk? Nie een van ons kan dit waag om net vir een oomblik nie wakende te wees nie; want „die Seun van dië mens kom in 'n uur dat julle nie verwag nie.” Dit is slegs diegene wat volhard in goeie werke wat die loon sal ontvang. Baie dinge wat nie by Christene tuis hoort nie, word onder ons aangefref.

„Gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.” Dit is die voorwaardes waarop ons sal aangeneem word as seuns en dogters van God, naamlik; afsondering van die wêreld, en 'n versaking van die dinge wat aanlok, verblind en verlei.

As ons die voorwaardes nakom, sal die Here Sy beloftes aan ons waar maak. Maar daar is werk vir ons om te doen wat ons onder geen omstandighede moet nalaat nie. In die krag van Jesus kan ons dit op die regte manier doen. Dit is moontlik vir ons om steeds voorwaarts en opwaarts te gaan, en om gedurig toe te neem in genade en op te was in die kennis van die waarheid.

Die Here verwag van Sy volk dat hulle hul opregtheid sal handhaaf—naamlik, dat hulle die werke van die goddelose nie sal aanraak of na-aap nie.

Christene sal in hierdie wêreld 'n afgesonderde, 'n heilige volk wees, om te verkondig die deugde van Hom wat hulle uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig. Hierdie lig moet nooit verdof nie, maar moet steeds helderder skyn tot die volle dag toe. Die vaandelraers van Christus is nooit vry van diens nie. Hulle het te doen met 'n wakker vyand, wat gedurig sy kans afweg om die vesting in te neem.

Die belangrike waarheid wat al vir soveel jare in ons ore klink, „Julle met gerêed wees, die Here kom,” is vandag nog net so waar as toe ons dit die eerste maal gehoor het. Die dierbaarste belange van die kerk en die volk van God, sowel as die ewige lot van 'n onboetvaardige wêreld, is hier op die spel. Ons moet almal voor die regterstoel verskyn. „Die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuën van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly (wanneer die Here kom) saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug, en so sal ons altyd by die Here wees.” Dan sal Christus uit die hemel verskyn „om wraak uit te oefen op die wat God nie ken nie, en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie.”

Hierdie belangrike gebeurtenisse is op hande, en nogtans is baie wat voorgee om die waarheid te glo, aan die slaap. Hulle sal sekerlik in die lot deel van daardie ontroue slaaf wat gesê het: „My heer talm om te kom,” as hulle volhard in hul huidige toestand van vriendskap met die wêreld. Dit is slegs aan diegene wat wag in geloof en hoop, dat Christus sonder sonde sal verskyn. Vele het 'n teoretiese kennis van die waarheid, maar hulle is onbekend met die krag van die godsaligheid. As die woord van God in hul harte gewoon het, sou dit hul lewe beheers het. Geloof, reinheid, en

gelykvormigheid aan die wil van God, sal getuig van die heiligende krag van die woord.

Op elke wagter rus daar 'n plegtige verantwoordelijkheid. „As Ek vir die goddelose sê: Jy sal sekerlik sterwe—en jy waarsku hom nie en spreek nie om die goddelose vir sy goddelose weg te waarsku om hom in die lewe te hou nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal ek van jou hand eis. Mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel, en as jy 'n woord uit My mond hoor, moet jy hulle van My kant waarsku.”

Die verantwoordelijkheid van die wagters van vandag, is baie groter as in die dae van die profeet, want ons het meer lig, en ons voorregte en geleenthede is groter as hulle s'n. Dit is die plig van die predikant om elke man te waarsku, en in alle nederigheid en wysheid te leer. Hy moenie deelneem aan die praktyke van die wêreld nie, maar as Gods dienskneg moet hy stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.

Die einde van alle dinge is op hande. My broeders, predikante sowel as leke, daar was aan my getoon dat julle op 'n gans ander manier te werk moet gaan as voorheen. Hoogmoed, jaloesie, eiewaas, en 'n onheilige onafhanklikheid, het tot dus ver jul werk bederf. Hoe het die Seun van die mens hom verneder om die mensheid op te hef! Werkers van God, nie net predikante nie, maar ook die leke, het die nederigheid en sagmoedigheid van Christus nodig as hulle hul medemens wil help. As God, het ons Heiland Homself verneder toe Hy die menslike natuur aangeneem het. Maar Hy het Homself nog dieper verneder. As mens het Hy Homself verneder „deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja die dood van die kruis.” O, dat ek maar woorde kon vind om hierdie gedagtes aan u te verduidelik. Ek wens dat die gordyn op sy geskuif kon word, sodat u die oorsaak van u geestelike swakheid kan sien. O dat u die oneindige genade en krag kon sien wat daar vir u wag. Diegene wat honger en dors na geregtigheid sal versadig word. Ons moet groter geloof aan die dag lê waar ons God bid vir die nodige seëninge. Ons moet stry en worstel om by die enge poort in te gaan.

Christus sê: „Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart; en julle sal rus vind vir julle siele.” Ek getuig vir julle, geagte broeders, predikante en leke, dat julle nog nie hierdie les geleer het nie. Christus het skande, en lyding en die dood vir ons verduur. „Hierdie gesindheid moet in julle wees, wat ook in Christus Jesus was.” Verdra verwyte en belediging, sonder weerwraak en sonder 'n wraaksugtige gees. Jesus het nie slegs gesterf om vir ons versoening te doen nie, maar ook as ons voorbeeld. O, die weeragalose liefde! Kan u nog selfsug koester as u die Vors van die Lewe aan die kruis

sien hang? Kan u nog 'n gees van wraaksug koester?

(Word vervolg)



Gesondheidsprogram Deur die Wêreldkonferensie Aangeneem

Ons, die afgevaardigdes na die Wêreldkonferensie van Sewende-dag Adventiste, aanvaar die hieropvolgende verklaring, wat die grondbeginsels van gesondheid en magtigheid verteenwoordig wat ons as genootskap huldig en verkondig:

Ons erken dat dit God alleen is in Wie ons lewe, beweeg en is; dat die mens nie aan homself behoort nie maar deur die skepping en die verlossing aan God behoort; dat die liggaam deur die Here opgeëis word vir die inwoning van Sy Heilige Gees, en dat die mens se liggaamlike en geestelike vermoëns gewy moet word aan Christelike diens.

Ons glo dat „wat die mens saai, hy ook sal maai,” en dat as ons die natuurlike wet verontagsaam en oortree, ons sekerlik die straf en gevolge daarvan sal ontvang; dat die meeste kwale waaraan die mens ly, voorkom kan word deur gehoorsaamheid aan die gesondheidswette; en dat ons as Christene dit aan God en ons medemens verskuldig is om die wette so stip as moontlik na te kom.

Ons glo dat die meelike en ernstige tye waarin ons ons bevind buitengewone eise vir liggaam en gees stel; dat goeie gesondheid veral noodsaaklik is om die versoekings te weerstaan; en om onse gesondheid te behou, moet ons die wette wat ons liggaamlike welsyn bevorder, verstaan en gehoorsaam.

Ons glo dat die Here aan Sy volk 'n spesiale boodskap vir die tyd toevertrou het om hulle in die komende krisis staande te hou en te laat seëvier in Sy koninkryk. 'n Noodsaaklike deel van daardie boodskap is 'n onderrig omtrent die versorging van die liggaam. As die onderrig aanvaar word, sal dit gesondheid, nuwe lewenskrag en -lus vir Sy diens voortbring.

Ons glo dat die lig van die egte wetenskap, in die Bybel en in die Gees van die Profesie, ons tot nut sal wees alleen as ons daarop agslaan, en dat al ons gelowiges met vrymoedigheid die waarheid omtrent gesondheidsleer sal aanneem en die grondbeginsels in ons huise sal uitlewe.

Ons glo dat die grondbeginsels van gesondheidsbervorming van ons vereis die algehele onthouding van alle bedwelmende drankes soos bier, wyn en alkoholiese drankes, tabak in enige vorm, tee en koffie, en prikkelende speserye en kruid.

Ons glo aan genoegsame en gepaste oefening en aan 'n behoorlike en voldoende aantal ure vir slaap en ontspanning.

Ons glo aan die behoorlike kleding van die liggaam met die oog op warmte, beskerming, eenvoud en beskeidenheid.

Ons glo dat die persoon en woning skoon

en rein gehou moet word om teen siekte-kieme beskerm te wees.

Ons glo dat ons altyd ons uiterste moet doen om die liggaam van voedsame voedsel te voorsien wat eenvoudig en behoorlik voorberei is.

Ons glo dat die mens se beste dieët die oorspronklike is: graansoorte, vrugte, neute, en groente, waarby ons eiers en suiwelprodukte kan voeg as hulle onder gesonde toestande bewerk was.

Ons glo dat vleis op sy beste maar 'n noodhulp is; al het dit voedingswaarde, is dit terselfdertyd 'n vergiftigde afvalprodukt wat die diereweefsels bevat; en dat ons onder normale omstandighede ons gesondheid benadeel deur daarvan te gebruik.

Ons glo dat die gebruik van vleis steeds gevaarliker word namate die siektes toeneem onder die diere; dat ons gehoor moet gee aan die dringende onderrig en ywerige pogings moet aanwend om die voedsaamste etes vir ons gesondheid ontwil voor te berei.

Ons glo dat hierdie grondbeginsels van 'n gesonde lewe deur ons gelowiges so ywerig moontlik aanvaar moet word. Ons is nie onbewus daarvan nie dat armoede en nood dit dikwels moeilik of onmoontlik maak om 'n genoegsame verskeidenheid van die gesondste kosse in die hande te kry—daarom wil ons nie op 'n onmoontlike maatstaf aandring nie. Ons glo ook dat geeneen 'n ander wat betref sy voedsel moet veroordeel nie.

(Word vervolgd)

Kaapse Konferensie

W. H. Hurlow President
Mej. P. E. Willmore, Sek.-Tes.
Bus 508, Port Elizabeth, K. P.

Buurtsending Konvensies in die Kaapse Konferensie

A. C. LE BUTT

Ons het vier volle weke bestee aan Buurtsending konvensies by die volgende kerke: Kaapstad, Claremont, Port Elizabeth, Oos Londen, Bloemfontein en Kimberley. By elke kerk het ons 'n naweek deurgebring.

Die gees van samewerking wat ons in elke gemeente bespeur het wat ons besoek het, was vir ons 'n aanmoediging. Die gees van erns en toegewydheid sal gewis in die buurt gevoel word, en kannie net tot die vier mure van die kerk beperk bly nie. Baie van die verskillende kerklede het gepraat van die hulp wat hulle ontvang het tydens die konvensies, en gesê dat hulle nou 'n beter besef het van hul verantwoordelikhede teenoor andersgesindes.

Daar was 'n leier aangestel vir die verskillende groepe wat in die lewe geroep was. Ons voel dat die werk, met Gods seën, tans

op 'n sistematiese wyse sal voortgaan, en dat daar beter resultate sal wees.

Tussen-in kon ons ook dienste hou op George, Grahamstown, Rokeby Park en Kingwilliamstown. Die broeders en susters op hierdie plekke is nog almal vol moed.

Die Buurtsending Departement van die Kaapse Konferensie is Broeder Potter van die Divisie, en Broeder Clifford van die Unie Konferensie baie dankbaar vir hul gewaardeerde hulp aan die kerke; en ons is ook dank verskuldig aan die verskillende kerkbeaamptes en kerklede vir hul welwillende samewerking en entoesiasme.

Mag die Here u seën en vervul met die Gees van Christus, d.i. die gees van diensbaarheid, sodat u die goedkeuring sal kan geniet van die Meester-Sendingeling wanneer Hy die Syne kom haal.

Uitgewers Dept.

F. E. Potter, Sekretaris

Wie is Wie in die Leesstofbediening

No. 11.—J. F. Jonker

BROEDER JONKER het in 1927 by die gelede van die kolporteurs aangesluit, en hy het in verskillende dele van die Transvaal en Vrystaat gewerk met „*The Great Controversy*,” „*Die Huisdokter*,” en „*God se Antwoorde op die Mens se Vrae*,” en ook met ons boekies van die krisiseeeks. Altesame het hy meer as 'n duisend boeke in Engels en Afrikaans van die hand gesit.

Gedurende 1929 en 1930 het Broeder Jonker Helderberg Kollege bygewoon vir verdere opvoeding, maar in 1931 het hy weer by die leesstofbediening aangesluit, en hy is tans in Langkloof besig.

Benodig — Tydskrif-Verkopers

Ongeëwenaarde voorspoed heers tans in Suid-Afrika. Die tyd is nou vir u geleë om die *Signs* en *Tekens* te verkoop op die strate van die groot stede of van huis tot huis in die dunner bevolkte distrikte. Die nuwe *Signs* is goed geredigeer en pragtig gedruk. Die tydige en interessante artikels wat daarin verskyn en die geringe prys van 3d per eksemplaar, sal sekerlik die gewone mens se belangstelling opwek.

Maar, al is die blad ook hoe aantreklik, sal die *Signs* hom nie self verkoop nie. Dit kos lewendige manne en vroue om dit te doen. En dit is presies wat vandag nodig is—'n skare vaste of deelydse werkers wat maandeliks klubs van 50 tot 500 *Signs* kan verkoop. Dan het ons ook wer-

kers nodig wat voltyd of net 'n deel van hulle tyd bestee om intekenaars op die blad te verwerf. Vir diegene wat ywerig en ernstig is, is daar goeie geldelike en geestelike beloning aan die verkoop van *Signs* verbonde. Ons raai u ten sterkste aan om dadelik 'n klub *Signs of Tekens* deur u plaaslike Buurtsendingsekreteraris te bestel. As u 'n vaste *Tekens* en *Signs* verkoper in u omgewing wil word, skrywe om volle besonderhede aan die Sirkulasie-Bestuurder, „*Tekens van die Tye en Gesondheidsbode*,” Posbus 6, Claremont, K. P. Vandag moet ons handelend optree! More mag dit te laat wees!

* *

Hierdie Man Waardeer die Signs

NATHANIEL KRUM

DIE volgende brief was onlangs ontvang van 'n man aan wie die *Signs* kosteloos gestuur was. Dit is tipies van baie briewe wat die uitgewers gedurende die jare ontvang. In hierdie geval is dit 'n betuiging van waardering van die leraar in bevel van 'n nie-Adventiste sending in die noordelike Transvaal. Ons gee 'n vertaling van die brief.

„Sentinel Uitgewers-Maatskappy,
Kenilworth, Kaap.

„Waarde Here:

„Ek vol verplig om aan u kantoor te skryf. Vir die afgelope ses maande het ek die *Signs of the Times* ontvang sonder dat ek daarop ingeteken het. Sal u asseblief die naam van die vriend aan my stuur wat namens my ingeteken het? En sal u my ook asseblief laat weet wanneer die intekeningstydperk verstryk?

„Die blad is gewis die moeite wêrd om te lees. Ek dink dat dit ver bokant al die ander godsdienstige blaai van die wêreld staan. Dit is inderwaarheid 'n Christelike tydskrif.

„U by voorbaat denkende, bly ek,
„Getrou die uwe,

„_____”

Wie weet wat die gevolg van hierdie belangstelling sal wees? As ons die saad saai, sal die Here dit met Sy Heilige Gees benat. Jare gelede het Mev. White gesê: „Die wêreld moet die lig ontvang deur middel van die ewangeliese woord in ons boeke en *tydskrifte*.” Die *Signs of the Times* bereik vandag duisende siele met die belangrike waarhede vir hierdie dae. Eerlank sal die ewangelie aan die hele wêreld verkondig wees, die genadetyd sal afgesluit word, en die Here van die oes sal kom om die oes in te samel.—„*Testimonies*,” Deel IX, bls. 63. Doen ons, as lede van die laaste werk, alles wat ons kan om die wêreld te waarsku deur middel van ons boeke en tydskrifte?

* *

„Op elke plek is die oë van die Here, en hulle beskou opmerkzaam die slegtes en die goeties.”

The Southern
African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)

Subscription price, 2/6 per annum

D. A. WEBSTER *Editor.*
Miss L. M. KLEINERT *Asst. Editor.*
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS
J. F. Wright *President.*
C. W. Bozarth *Treas. and Auditor.*
M. P. Robison *Secy. and Ed. Secy.*
L. L. Moffitt *M. V. Secy. and S. S. Secy.*
A. N. Tonge *Medical Secy.*
F. E. Potter *H. M. and Field Miss. Secy.*
L. L. Moffitt *Religious Liberty Secy.*

General News Notes

WE are glad to announce that Elder W. H. Branson and family arrived at Durban, March 24, on the S. S. "Takliwa."

BRETHREN F. T. MILNE, E. M. CADWALLADER AND MILTON ROBISON will spend the first week in April conducting an inspection at Helderberg College.

WORD has been received from Dr. E. G. Marcus that he arrived safely at the Maun Medical Mission Hospital in Bechuanaland. Dr. Marcus went by plane from Livingstone to Maun because of the roads being impassable on account of floods.

UP to the time of going to press we have received no word regarding the progress of the Bloemfontein camp-meetings. We hope, however, that something of general interest will appear in the next issue.

THE delegates to the Division Council are beginning to make their way towards Johannesburg, where the council is to convene.

A FEW days ago Doctor Parsons and Brother and Sister Peter Stevenson arrived at the Cape from Angola on their way to Johannesburg.

DOCTOR PARSONS spoke in the Claremont church at the Wednesday evening prayer meeting.

BROTHER C. W. BOZARTH, our Division treasurer, is leaving for Johannesburg on Saturday evening, April 3. Brother Milton Robison, our Division secretary, plans to leave at a later date, as also several members of the office staff.

Wanted

A SEVENTH-DAY Adventist blacksmith, by a widow in Bechuanaland. Apply immediately to S. C. Palvie, Taungs, C. P.

Van de Merwe Heads Seniors at Pacific Union College

(Excerpts from the Pacific Union College journal "Campus Chronicle," Feb. 11, 1937.)

THE largest class of college seniors in the history of Pacific Union College, 38 in number, bids fair to be unique in many respects. It showed its individuality by presenting on the nominating ballot a large list of nominees for the important office of president. The second ballot gave Elder Johannes van de Merwe a strong majority which was immediately made unanimous by a rising vote. A friendly spirit was manifested throughout the entire meeting.

President Takes Chair

The opening remarks of President Smith, who presided at the beginning of the meeting were timely and much appreciated. After the new president was elected, President Smith relinquished the chair and Elder van de Merwe was called upon for a speech as he took charge of the remainder of the meeting. Van de Merwe expressed his deep appreciation for the honour placed upon him and for the expression of their confidence in him.

Comes From Africa

Elder Johannes van de Merwe, the newly-elected president of the senior class came to Pacific Union College at the beginning of last school year. Born in South Africa of Dutch parentage, he received his academic training and first two years of the college course at Spion Kop College, finishing there in 1926. For the next four years he served as evangelist and school inspector and the last four and a half years of his service he was the superintendent and treasurer of the Bechuanaland Mission. Upon completion of his work here he will return to Africa for evangelistic work.

Concession Tickets

Division Council, Johannesburg

CONCESSION tickets will be issued to persons attending the Division Council at Johannesburg. Write to the Division Office, Grove Avenue, Claremont, Cape, for concession certificate, giving the name of the station from which you will commence the forward journey, and the date when you plan to leave from such station.

The Railway Administration informs us that "the Concession tickets will be issued to enable the delegates to arrive at Johannesburg not earlier than April 10 and will be valid for completion of journey by midnight on May 4, 1937. The journey may not be broken in either the forward or return journey."

MILTON ROBISON, *Secretary.*

Van de Merwe aan die Hoof van Seniorsklas by Pacific Union College

(Uittreksels uit die kollegeblad van Pacific Union College, 11 Feb. 1937.)

DRY skyn of die seniorsklas by Pacific Union College hierdie jaar in baie opsigte uniek gaan wees — daar is altesame agt-en-dertig studente in die klas. Vir die betrekking van president was daar 'n hele aantal aspirante, en eindelijk was Leraar Johannes van de Merwe met 'n groot meerderheid gekies. Daar het deurgaans 'n aangename gees geheers.

Die openingsrede van Mnr. Smith, wat tydelik die voorsitterstoel bekleed het, was baie tydlig en tewens ook baie op prys gestel. Na hy verkose verklaar is, was Leraar v. d. Merwe versoek om die voorsitterstoel in te neem, en om sy klasgenote toe te spreek. Onder ander het Mnr. v. d. Merwe sy waardering uitgespreek vir die eer aan hom bewys, en die vertrou wat in hom gestel is.

Leraar v. d. Merwe het verlede jaar by Pacific Union College ingeskryf. Hy is in Suid-Afrika, uit Afrikaanse ouers gebore, en het sy opleiding aan die Spioenkop Kollege ontvang, wat hy in 1926 voltooi het. Die daaropvolgende vier jaar het hy as evangelis en inspekteur van sendingskole onder die inboorlinge deurgebring, en die laaste vier en 'n half jaar, as superintendent en tesourier van die Betsjoeanaland Sendingsveld. Na hy sy studies aan Pacific Union College voltooi het, sal hy na Suid-Afrika terugkeer vir evangelistiese werk.

* *

Situation Vacant

By Seventh-day Adventist young man, 23 years of age, as hairdresser. He has had over five years practical experience. Apply: J. P. Fourie, Klipplaat, C. P.

* *

Wanted

A STRONG Adventist girl for doctor's home in Durban. Must be willing to do anything in the home and be able to speak good English. There are children in the family. Apply: Doctor, 350 Windermere Road, Durban, Natal.

* *

Situation Wanted

By Seventh-day Adventist (married), many years motor and garage experience. Understands all makes of cars, lorries and tractors. Excellent testimonial from garage owner where last employed. Would also consider a partnership in a good, paying garage in a country town. Can invest small capital. Apply: L. V. Shone, P. O. Buxton, Cape.